**FOKUS OP VOLKSWAGEN HATFIELD**

# Wêreldstyl vind hier neerslag

## Voorbeeld van die nuwe VW-handelaarskap

Die eerste voorbeeld in Suid-Afrika van Volkswagen se nuwe moderne boustyl wat hy vir sy handelaarskappe visualiseer, staan in Hatfield.

Die Volkswagen-sentrum verskil esteties van die tradisionele Volkswagen-handelaarskap aangesien dit voldoen aan die nuwe korporatiewe ontwerp wat tans wêreldwyd bekend gestel word.

Die bekendstelling van dié styl is 'n mylpaal vir Volkswagen Suid-Afrika omdat dit die maatskappy se integrasie in die wêreldwye Volkswagen-netwerk aandui.

Dit is as 't ware 'n viering van die begin van die metamorfose van VWSA se handelaarskappe in 'n wêreldwyd erkende uitleg en ontwerp.

Natuurlike lig stroom in die geboue wat 'n mens aan 'n Italiaanse Piazza laat dink.

En net soos die Italiaanse stadsplein waarvan dit 'n moderne weergawe is, is dit 'n plek waar 'n mens kan kuier en gesels – meer spesifiek oor motors omdat dit Volkswagen Hatfield se besigheid is.

As die idee van 'n piazza nie aan jou onbekend is nie, dink aan 'n kolloseum soos die een in Rome. Dié kleiner weergawe met sy boë met sandsteenteëls skep 'n rustige atmosfeer wat statig oor die binneplein uitkyk waar die motors en ontvangsgebied is.

Mnr. Amandio Castanheira, argitek van die gebou, verduidelik dat die gebou op 'n verbruikersvriendelike wyse doelgerig gebou is om vir die klant te sorg.

Daar is byvoorbeeld 'n ontvangsgebied waar 'n motoreienaar, wat sy motor wil laat herstel, kan inry. Die motorwerktuigkundige ontvang die persoon daar, kyk na die motor, en bestuur die motor na waar die motor herstel moet word.

Die eienaar klim uit die motor en stap die waggebied binne waar die koffiekroeg met koerante, televisie en eetgoed is. As sy motor nie dadelik herstel word nie, neem 'n diensvoertuig hom of haar weg.

Die ontvangs- en vertoongebied is net so doelgerig beplan met selfs mobiele lessenaars wat in die toekoms die verkoopskonsultant reg langs die motor aan 'n rekenaar kan koppel en met die klant oor die kar gesels. Die vertoonlokaal in die vorm van 'n sirkel tref die oog en voertuie is rondom gerangskik.

As die motor verkoop word, is daar weer 'n spesiale uitgangsgebied waar die motorspesifikasies nagegaan, die laaste papiere geteken en noodsaaklikhede oor die motor aan die nuwe eienaar verduidelik word.

Die markplein-idee is die nuwe korporatiewe styl vir Volkswagen-handelaarskappe. Die kantore wat subtiel in die sirkel in die agtergrond is en "glasmure" het, dra die idee van oopheid en billikheid oor.

Castanheira verduidelik dat die markplein wêreldwyd erken word as 'n plek waar mense bymekaarkom, ontmoet en goedere koop en verkoop. Die doel van die nuwe argitektuur is om 'n plek daar te stel wat met die markplein vergelyk . . . waar die klant met die Volkswagen handelsmerk en andersom kan kommunikeer.

Die sirkel is die hoofontwerpelement in Volkswagen se nuwe motorsentrum. Die beeld van die sirkel kom natuurlik ook na vore in die Volkswagen-kenteken waardeur 'n gevoel van samehang tussen kenteken, argitektuur en vertoonlokaal geskep word.

Die klant word die fokuspunt van die omgewing en Volkswagen-produkte word in 'n gunstige milieu aan die klant gebied.

Daar is 'n gevoel van ruimte en diepte by die handelaarskap asook 'n aura van gehalte.

Gehaltemateriaal en warm verfkleure dra 'n aangename en ontspanne atmosfeer aan die klant oor. Die gehalte is verteenwoordigend van die Volkswagen-handelsmerk. Die atmosfeer wat geskep word, is een van "jy is welkom".

Lig dra by tot die skepping van die atmosfeer en die nuwe uitleg het tot gevolg dat die handelaarskap ligter en meer helder is wat 'n verdere gevoel van warmte en verwelkoming verleen.

Dat die Hatfield-handelaarskap die eerste is wat die nuwe styl en korporatiewe identiteit in Suid-Afrika bekend stel, weerspieël 'n gevoel van trots en prestasie vir VWSA.




**Uiters modern en treffend. Só lyk die splinternuwe Volkswagen Hatfield-handelaarskap in Pretoria.**



**Mnr. Tony Dagg, onderdelebestuurder wys die unieke wyse waarop die Volkswagen Hatfield-handelaarskap se onderdele gebêre word.**
Foto: ARTHUR H. VILJOEN

## Span kundiges het jarelange Volkswagen-ervaring

'n Uiters kundige span mense werk by die Volkswagen Hatfield-handelaarskap.

Die onderneming behoort aan Brad Kaftel, voorheen van Lindsay Saker in Randburg.

'n Belegging van R15 miljoen was nodig om die handelaarskap te vestig waar gehalteafwerking en aandag aan besonderhede aan die orde van die dag is.

Volkswagen Hatfield, met sy vyftig personeellede, is ryk aan ervaring. Kaftel het twaalf jaar ondervinding by Volkswagen Suid-Afrika.

Nick Malec, die diensdirekteur, het 25 jaar ondervinding en Tony Dagg, die onderdeledirekteur, 20 jaar.

Sáám is dit 'n hele 57 jaar se kennis en kundigheid.

Die span beloof om een van die mees suksesvolle en ondernemende handelaarskappe in die land én in Pretoria te wees.

Volkswagen handhaaf 'n sterk teenwoordigheid in die Jakarandastad.

Wat maak die onderneming anders?

- Volkswagen Hatfield is 'n onafhanklike handelaarskap in familiebesit wat die verbruiker die beste klantesorg deur 'n professionele span bied.
- Volkswagen Hatfield is ook die eerste "Volkswagen-sentrum" in Suid-Afrika – 'n nuwe styl handelaarskap gebou volgens Volkswagen se nuwe, wêreldwye, korporatiewe identiteit.
- Esteties is hierdie die eerste "piazzastyl" handelaarskap in Suid-Afrika – die grondplan van die vertoonlokaal het 'n sirkelvormige struktuur wat die nuwe markpleinkonsep van die "piazzastyl" navolg. Dit beklemtoon die algemene filosofie van die klant as vennoot.
- Volkswagen Hatfield is sentraal geleë in die gegoede voorstad Hatfield waar die meeste van Suid-Afrika se ambassades asook die Universiteit van Pretoria (Tukkies) geleë is. Hatfield staan bekend as die Sandton van Pretoria.
- Volkswagen Hatfield bied buitengewone, persoonlike diens.
- Die personeel by Hatfield is almal bekwaam en beskik oor 'n rykdom van ondervinding in die motorbedryf. Daar is byvoorbeeld geen vakleerlinge in die werkswinkel nie.
- Al die dienspersoneel het hul opleiding voltooi en is professioneel en bekwaam in hul benadering tot hul werk.
- 'n Verdere verandering is dat al die direkteure hul eie kantore op die vertoonlokaalvloer het wat hulle onmiddellik toeganklik maak vir hul klante – 'n verdere bewys van die aandag wat aan klantesorg en tevredenheid gegee word.
- Daar is 'n permanente finansieringshuis in die vertoonlokaal – 'n verdere gerief vir klante.
- Nóg 'n nuutjie is die koffiekroeg in Brasiliaanse styl waar klante kan ontspan terwyl 'n koppie koffie van goeie gehalte geniet kan word (gratis). Hulle kan selfs 'n ligte ete soos 'n geroosterde toebroodjie bestel. Televisie en 'n verskeidenheid van dagblaaie is ook beskikbaar.
- Hatfield het 'n aparte, heeltemal toe vertoonlokaal vir gebruikte motors waar slegs Mastercars en topgehalte demonstrasievoertuie verkoop word.

## Motoris se diensdroom word hier 'n werklikheid

'n Mens kan maar net droom van 'n gekwalifiseerde motorwerktuigkundige wat jou groet, 'n voorlopige kwotasie uitwerk, self die motor regmaak (sonder enige assistente), laat weet as daar meer te doene is, die motor self toetsbestuur en jou in die oë kan kyk as jy weer die motor gaan haal.

'n Droom?

Dié situasie het werklikheid geword by die Volkswagen Hatfield-handelaarskap.

By Volkswagen Hatfield is daar egter geen leerlingwerktuigkundiges nie en die man wat jou motor van jou neem om reg te maak, is die persoon wat die verantwoordelikheid neem.

Mnr. Brad Kaftel, eienaar van Volkswagen Hatfield, sê hulle doen ook blitsdiens. 'n Verkoopsverteenwoordiger wou byvoorbeeld 'n paar dae gelede sy motor se remskoene laat vervang en ook 'n paar ander noodsaaklikhede aan die kar laat doen.

"Ons het 'n afspraak met hom gemaak en teen 11:00 was die kar daar. Hy kon in ons Braziliaanse koffiekroeg koffie drink, 'n toebroodjie eet en televisie kyk, maar het verkies om van sy papierwerk te doen. Hy wou die telefoon leen en ons het geen probleem daarmee gehad nie. 'n Uur en 'n kwart later was sy motor gereed."

Volgens Kaftel is die vraag wat by hom opgekom het: "Hoekom moet ek my kar om 7:30 by die motorhawe hê waar dit die hele dag staan om eers om 17:00 afgehaal te word – en dan is die werk nog nie klaar nie."

"Die werk neem 'n uur. Dit is nie nodig dat die motor langer by die motorhawe moet wees nie."

Met diens soos dié wens 'n mens byna jy het 'n Volkswagen gery.


Met VW se wêreldwye nuwe voorkomskonsep as grondslag, is Hatfield VW die eerste in sy soort - spesifiek ontwerp vir die bevordering van holistiese klantesorg.



**"Goeie môre," sê 'n vriendelike verkoopassistent.**

"Is daar enigiets waarmee ek kan help?"
"Hmmmm .." sê jy ingedagte terwyl jou oog streel oor die verskeidenheid aanloklike kurwes wat die vertoonlokaal se vloer versier. Jy was nog nooit by 'n plek wat jou so meegevoer het nie ...

**Hatfield lyk meer soos 'n spogkompleks as 'n motorhandelaar.**

Aanskoulik, inspirerend en modern - helder ligsuile beklemtoon die ruimte oor twee vlakke van die stylvolle nuwe handelaarperseel. Hoë staalkolomme reik omhoog na die plafon wat bo die gestileerde vertoonlokaal uittroon. 'n Tussenverdieping strek rondom die binnekant van die gebou, in glas gehul met 'n indrukwekkende aansig. Oral is lig en oop ruimtes ... Jy staan verstom. Omring deur 'n vloot glimmende nuwe voertuie. Party is taamlik gespierd, ander meer prettig. Soos die nuwe Polo Playa, wat jy nou al geruime tyd dophou.

Kompak en tog heel ruim, oorlaai met talle verrassende glanspunte, en waarskynlik presies die soort motor wat jy begeer.

Aan die ander kant kan jy dalk ook 'n Golf GSX Mastercar oorweeg. Miskien nie heeltemal splinternuut nie, maar nogtans 'n opwindende ryding, met magnetiese padhouvermoë en lenige, gespierde voorkoms.

*Vir die hele reeks VW's en die beste Mastercars, besoek Hatfield VW.*

Besluite, besluite ... miskien moet jy maar albei beproef. "Ja, dit sal wonderlik wees ..." antwoord jy uiteindelik, "ek wil graag 'n Polo Playa toetsbestuur of dalk 'n Golf GSX Mastercar? O ja, terloops, hierdie plek is werklik ongelooflik - rêrig iets besonders."

"Ja," sê die vriendelike verkoopassistent, en hy verduidelik dan dat Hatfield inderdaad die eerste handelaar in die land is met VW se wêreldwye nuwe voorkomskonsep as grondslag.

Met 'n sentrale "piazza" vertoonlokaal met die direkteure se kantore aan weerskante, en 'n permanente finansieringsafdeling bo, is Hatfield stylvol sowel as funksioneel onberispelik in ontwerp. Die sirkelvormige gebou is nie onnadenkend ontwerp nie.

Inteendeel, die uitleg is met sorg beplan, en vergemaklik klantetoegang na ons span deskundiges. Party sou jy waarskynlik glad nie daar verwag nie - soos byvoorbeeld ons eie sjef op die perseel ...

**"Een tramazinno - spesiaal vir jou."**

*By Hatfield VW kan jy smul aan iets smaakliks, deur ons eie sjef voorberei.*

Hy sê dit met trots en sit die liggeroosterde Italiaanse lekkerny voor jou neer. Dit is met soveel mozzarella, skywe provolone-kaas, salami en spatsels olyfolie bedek dat dit boonop 'n lus vir die oog is, en geurig daarby. Wat meer kan jy verwag om jou sintuie te streel - terwyl die bestelling van jou nuwe motor verwerk word?

**Juis op hierdie oomblik is 'n finansiële konsultant besig om 'n pakket uit te werk wat jou begroting pas.**

**Ons stel bekend: Hatfield VW. Die eerste motorhandelaar wat al jou sintuie vertroetel.**

Ongelooflik - jy het dit gedoen. Binnekort gaan jy 'n splinternuwe, windmaker Polo Playa bestuur – *met* kragstuur.

Wat 'n kopie.

En terwyl jy in jou koppie donker Brasiliaanse koffie tuur, kan jy nie besluit of dit helderrooi of jazz blou moet wees nie.

Jazz blou ... of helderrooi.

Watter kleur jy egter ook al kies, jy sal daar weggaan tevrede in die wete dat jy gepamperlang is - by die nuwe klantgerigte Hatfield VW.



*Ons permanente finansieringskonsultante sal jou help om 'n geskikte finansiële pakket saam te stel.*

*Knyp gerus 'n oomblik af en ontspan in ons Brasiliaanse Koffiewinkel.*

**Hatfield VW**

Schoemanstraat 1188 (H/v Duncanstraat), Hatfield, Pretoria. **Tel: (012) 342-8000**